

**Sleutelwoord**

dansstyl: spesifieke bewegings wat deur 'n spesifieke kulturele of ander groep gebruik word om uitdrukking aan hulself te gee. 'n Dansstyl kan ook uitgeken word deur die musiek wat daarmee saam gebruik word.

Eenheid 12 Kies 'n kulturele dans


Die passies en style van kulturele danse

Die Suid-Afrikaanse samelewing is kultureel ryk en divers. Mense in Suid-Afrika gee uitdrukking aan hul identiteit en gevoelens deur middel van dans, en elke tradisionele kultuur het sy eie **dansstyl**. Baie nuwe dansstyle het ook in Suid-Afrika ontwikkel. Hier volg sommige van die style: jazz, *kwassa kwassa*, *isicathulo* of die rubbersteweldans, *kwela* (wat uit *marabi/indlamu* ontwikkel het), en *pantsula*.

Die woord "*pantsula*" kom van die Zoeloe-woord wat beteken "om te waggle soos 'n eend". Hierdie dansstyl word gekenmerk deur tree-en-glybewegings. Die danser dans met plat voete. Tydens die apartheidsjare was swartmense nie vry om rond te beweeg sonder 'n pasboek nie. Die jong mense het gevoel dat hulle nie net deur hul ouers beheer word nie, maar ook deur 'n onderdrukkende regering. Die lewe in die townships was moeilik. Wanneer hulle die *pantsula* gedans het, het hulle vry gevoel. Die dansers het flambojante modieuse klere gedra en gekompeteer om te sien wie die mees kreatiewe passies kon uitvoer. Vandag word die *pantsula* met *kwaito*musiek gedans.

Die rubbersteweldans het in die goudmyne van Johannesburg ontstaan. Die meeste mynwerkers was nie gewoond daaraan om in die stad te bly nie. Hulle moes swaar werk in die myne doen, en het in hostelle gebly. Hulle het verskillende tale gepraat en is nie toegelaat om met mekaar te praat terwyl hulle gewerk het nie. Hulle het 'n nuwe taal genaamd *Fanagalo* ontwikkel, asook 'n nuwe dansstyl. Die musiek en die ritme daarvan was een ding wat hulle almal kon verstaan.

Die mynwerkers het rubberstewels gedra omdat die myne vol water was, en om hulle voete teen die rotse te beskerm. Hulle het geen instrumente gehad om musiek mee te maak nie en het hulle stewels en liggame as instrumente gebruik. Hulle het die rubberstewels geklap en voet gestamp om ritme te skep.



Pantsula-dans



Rubbersteweldanse, 'n gewilde Suid-Afrikaanse dansvorm